

Gereformeerde Kerk Bellville – 10 September 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 15-7:1, 2 (Sb 43)

- 1 Hy wat heilig en waaragtig / en omkleed is met gesag,
wat die sleutel dra van Dawid, / hoogheidsteken van sy mag –
daar is niks wat Hom kan hinder, / wat sy magsvermoë stuit,
wat kan sluit as Hy wil open, / wat kan open as Hy sluit.
- 2 Al jou werke sien en ken Ek, / in hul skoonheid blink hul uit.
En Ek het 'n deur gegewe / wat geeneen vir jou kan sluit.
Dat jou krag gering is, weet Ek, / maar jy eer my Woord as skat,
en jy 't nie my Naam verloën / wat die kennis vol omvat.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige^ooord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende^{en} broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, ^ostad, / wat skoonste is van alle stede.

Gebed

Psalm 26:1, 2 (p. 121)

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 2 Beproef my van omhoog, / deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my. / Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange, / want dis u waarheid wat my lei.

Skriflesing: Matteus 16:13-20; Handeling 2:1-47;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 21:54

Kernvers: Matteus 16:18-19

En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.
(Matteus 16:18-19 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

(a) Efes 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Efes 4:11-13. (b) Gen 26:4; Open 5:9. (c) Rom 8:29; Efes 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Efes 5:26. (e) Hand 2:42; Efes 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Tema: Die kerk is die resultaat van die Seun van God se werk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, daar is al bittere oorloë gevoer oor wie nou die eintlike kerk is wat aan die Here behoort. Ek dink in plaas daarvan dat die eer van die Here daardeur gedien is, het hierdie oorloë baie maal eerder veroorsaak dat die heidene meer kwaad van die evangelie gepraat het as wat hulle daarna geluister het. Die verklaring van die kernverse uit ons gelese gedeelte het ook tot baie bitsigheid gelei tussen verklaarders van die Skrif.

Die Rooms Katolieke verklaarders laat mense verstaan dat die rots waarvan Jesus hier praat na Petrus verwys. Petrus ontvang hier van Christus die gesag om sondes te vergewe en sodoende kry hy ook die gesag om die toegang tot die hemelse koninkryk te beheer. Hierdie gesag het Petrus van Christus gekry as die eerste pous van Rome en Petrus het hierdie gesag aan die opvolgende pouse van Rome oorgedra. Protestantse verklaarders van hierdie gedeelte sê weer dat die rots waarvan Jesus praat eerder na Petrus se geloof verwys soos wat dit verwoord is in vers 16.

Uiteenlopende verklarings van 'n Skrifgedeelte het ongelukkig nie net veroorsaak dat daar net twee soorte kerke – Protestantse en Rooms Katolieke kerke – in die wêreld is nie. Eiewillige verklarings van die Skrif het aanleiding gegee tot die ontstaan van wie weet hoeveel kerke. Nou het die gelowige in sy gesprek met die vraagsteller ook sy geloof aangaande die kerk laat hoor. Hy het gesê: **Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk.** Toe die vraagsteller die woord *kerk* hoor, het hy dadelik gedink aan hierdie verskillende kerke in die stad waarin hy woon. Vir hom as ongelowige is dit bitter moeilik om te onderskei tussen die kerke. Daarom vra hy aan die gelowige: **Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?**

In die antwoord wat die gelowige gee, hoor die vraagsteller egter niks van die Protestantse kerk of die Rooms Katolieke kerk of watter kerk ook al nie. Die antwoord wat die gelowige bely is nie 'n vertelling van die kerke wat tans in die wêreld gewaar word nie. Die antwoord vertel eerder wat die Seun van God doen sodat daar 'n kerk op die aarde is. Die bou van die kerk is die Seun van God se werk. Dit is alleen danksy die Seun van God dat die kerk ontstaan, bestaan en voortbestaan.

Broers, susters en kinders, indien jy die voorreg het om met 'n ongelowige oor die kerk van die Here te praat, neem dan maar eerder hierdie antwoord as die wegspringplek vir die gesprek. Sodra 'n mens oor die verskillende kerke gaan begin praat loop jy gevaar om die klem op die sondige werke van mense te laat val in plaas daarvan om die werk van die Here te beklemtoon. En in ons Skrifgedeelte sowel as die antwoord in ons Kategismus hoor ons uit-sluitlik van Jesus Christus die Seun van God se werk.

Die Seun van God vergader vir Hom 'n gemeente uit die hele menslike geslag. Die Seun van God is die Bouer van die kerk. Hierdie waarheid het Jesus self aan sy dissipels gesê net nadat hulle by monde van Petrus bely het dat Jesus die Christus die Seun van die lewen-de God is. Omdat Petrus die woordvoerder was, sê Jesus vir hom:

Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou. (Matteus 16:18 AFR53)

In die woorde van die Kategismus sê die gelowige dat Jesus vir Hom 'n gemeente of 'n kerk vergader. Dit is in die boek Handelingte waarin die Heilige Gees vir ons vertel hoe ons Here Jesus Christus vir Hom sy gemeente vergader. Deur sy Gees en Woord vergader Christus vir Hom 'n kerk uit alle volke, tale en nasies.

Ons het daaraan gewoon geraak om van die boek Handelingte as die *Handelingte van die apostels* te praat, want so word dit in albei ons Afrikaanse vertalings genoem. Dit is egter nie die korrekte benaming nie. Hierdie naam staan nie in die oorspronklike Griekse teks nie. Dit sou beter wees om te praat van *Die Handelingte van ons Here Jesus Christus deur sy Gees en Woord*. Die boek is immers vol van Christus en die Heilige Gees se werk. En van die begin tot aan die einde van die boek hoor ons hoe die Woord gepreek word aan mense.

In die tweede hoofstuk van Handelingte beskryf Lukas hoe Christus sy kerk begin vergader deur sy Gees en Woord. Op Pinksterdag gebeur met die honderd en twintig gelowiges in Jerusalem wat Jesus aan sy dissipels belowe het. Hy het die Heilige Gees op hulle uitgestort. Deur 'n wonderwerk van die Heilige Gees in hierdie honderd en twintig dissipels begin hulle om in verskillende tale van die groot daad van God te vertel.

Intussen het Christus al 'n skare mense bymekaargebring in die straat. Hierdie skare mense is Jode en proseliete uit elke deel van die bekende wêreld van destyds. Omdat die skare verstom was om te hoor hoe daar in die verskillende tale oor die groot daad van God gepraat word en sommige in die skare gespot het, het die apostels die mense stilgemaak en Petrus het, onder leiding van die Heilige Gees, die skare begin toespreek. Nadat Petrus vanuit die profesie van Joël verduidelik dat die Here sy Heilige Gees uitgestort het soos Hy belowe het, gaan hy voort om aan die skare die evangelie van Jesus Christus te verkondig.

Met hierdie duidelike en op die man af verkondiging het die Heilige Gees 'n groot gedeelte van die skare diep in die hart getref. Hulle het tot die besef gekom dat hulleself 'n leeu-aandeel aan die dood van Jesus Christus gehad het. Gedryf deur die Heilige Gees vra hulle die apostels wat hulle moet doen. Dan antwoord Petrus dat hulle hulle moet bekeer en laat doop in die Naam van Jesus Christus. God sal dan hulle sondes vergewe en hulle sal die leiding van die Heilige Gees ondervind. Die resultaat van hierdie werk van Christus is dat drie duisend mense van die skare op daardie dag by die getal van die kerk gevoeg is.

Deur sy Gees en Woord bring Jesus Christus mense tot bekering en geloof in Hom. Hy bring hierdie mense wat Hy so tot geloof gebring het in die arms van die kerk. So bou die Seun van God die tempel op tot 'n magtige bouwerk tot eer van God. Elke mens wat deur die Heilige Gees wedergebore word, word 'n lewende steen wat deur Christus sy plek in hierdie magtige bouwerk kry.

Deesdae word daar so baie oor kerkgroei en gemeente-uitbreiding gepraat. Die geheim van kerkgroei en gemeente-uitbreiding is nie al die planne wat mense maak nie. Die geheim is geopenbaar – Jesus Christus vergader sy kerk deur sy Gees en Woord. Wanneer gelowiges hulleself onderwerp aan die kragtige werk van die Heilige Gees en

hulle verkondig die ewangelië van Jesus Christus aan mense sal die Heilige Gees hulle wat bestem is om in Christus se kerk vergader te word tot bekering en geloof in Christus bring.

Die Heilige Gees is egter nie net aan die werk in die gelowige wat die ewangelië verkondig nie. Daar moet gebid word dat die Heilige Gees ook in die hoorders werksaam moet wees. Die Heilige Gees moet die blinde oë van die ongelowige verlig, sy ore oopboor en sy geslote hart oopsluit sodat die lig van Christus se ewangelië kan ingaan en die donker, sondige hart kan verlig. Deur hierdie lewewekkende ewangelië buig die Heilige Gees die sondige hart sag-gies en tog kragtig om sodat die mens voor die aangesig van Christus buig en Hom erken en bely as sy Here. Dit is wat die Heilige Gees ook met die drie duisend uit die skare gedoen het op Pinksterdag.

Die Seun van God vergader nie net vir Hom 'n gemeente nie. Hy waarborg ook die veiligheid van sy kerk. Ons moet onthou dat die kerk in hierdie wêreld altyd 'n gebou onder bedreiging is. Jesus praat van die poorte van die doderyk in ons kernverse. Van die begin af is die duiwel daarop uit om die goeie en mooi skepping wat Hy tot stand gebring het te vernietig en van God af weg te roof.

Toe God sy Seun na hierdie wêreld gestuur het, het die duiwel nie 'n oomblik laat verbygaan om Christus te keer nie. Die duiwel het alles in die stryd gewerp om te verhoed dat Christus sy opdrag uitvoer en mense verlos van die oordeel van God. Afgesien van sy duisende der duisende bose engele het die duiwel ook gewillige diensknegte op aarde in die ongelowige mense. Koning Herodes kon dit nie verdra dat daar 'n ander koning van die Jode kan wees nie en hy het probeer om Jesus as Kindjie dood te maak. God het sy Seun beskerm sodat Hy op die bestemde tyd die stryd voluit op Golgota aan die kruis kon voer. Daar waar die ongelowige Jode gedink het dat hulle vir eens en vir altyd met Jesus kon afreken, was Hy inderwaarheid besig om af te reken met die sonde, met die duiwel en die dood.

Christus het uit die dood opgestaan en sy Vader het Hom opgeneem in die hemele in. En op die aarde het hulle wat in Jesus Christus geglo het agtergebly. Die kerk wat Hy reeds voor sy hemelvaart al vir Hom vergader het. Aangesien die draak niks meer aan die Seun van God kon doen het hy al sy aandag toegespits op die weerlose vrou – die kerk van Christus. Dag vir dag en oomblik na oomblik loods die duiwel die een aanval na die ander teen die kerk van die Here. Nou sal hy dit op hierdie manier doen en 'n volgende keer kom hy weer met 'n ander verrassingsaanval.

In die boek Handeling beskryf die Heilige Gees met watter taktiek die duiwel die kerk kan aanval. Hy doen dit met die haat en woede van die owerheid – die Joodse Raad wat die apostels verbied om te preek, die Joodse Raad wat die apostels bloedige houde toedien. En as hierdie aanvalle nie die gewenste uitwerking het nie, kom hy skielik met twee ander verrassingsaanvalle. Eers gebruik hy die gierigheid en eersug van twee oënskynlike lidmate in Jerusalem – Ananias en Saffira – om leuenagtigheid deel van die kerk se optrede te wil maak, maar dit het nie gewerk nie. Toe het hy probeer om onmin te saai tussen die twee taalgroepe in die gemeente. Maar ook hierdie aanval het Christus afgeweer en sy kerk beskerm. En sommer skielik slaan die duiwel toe met 'n bloedige moord en bloedige vervolging van die kerk in Jerusalem. Maar ook midde-in hierdie aanval het Christus sy kerk beskerm. Hy gebruik juis dit wat die duiwel aanwend om te vernietig – die vervolging – om sy wil verder uit te voer. Christus span die vervolging van die kerk in om die ewangelië al verder oor die aarde te laat dreun – Samaritane, 'n Ethiopiër, 'n Romeinse offisier en sy hele huis kom tot bekering. Gelowiges gaan selfs sover en getuig

van Jesus teenoor heidene. En die ge-volg – Christus vergader uit elke taal, volk en nasie sy kerk.

Deur sy Gees en Woord beskerm die Seun van God sy kerk. Ouderlinge, dit is om hierdie rede dat julle in besonder die opdrag het om julle te verdiep in die Woord van die Here. Julle moet die lidmate toerus tydens huisbesoeke sodat hulle vaardig sal raak om die swaard van die Gees – die Woord van God – te gebruik. Broers, susters en kinders, daarom moet elkeen van ons oefen om die Woord te gebruik. Dit is deur die Woord waarmee die Heilige Gees die kerk se oë oopmaak om dwalings te erken en te weerlê.

Die derde taak wat die Seun van God uitvoer om sy kerk se voortbestaan te waarborg is om haar te onderhou met sy Gees en Woord. Deur gereelde en getroue Woordverkondiging in eredienste, katekisasie, huisbesoeke en Bybelstudies voed en versterk die Heilige Gees die gemeente se geloof. Deur sy Gees en Woord lei Christus sy kerk om ontslae te raak van die oorblywende sonde en maak die Heilige Gees die kerk heilig en 'n waardige draer van die Naam van Christus.

Christus het egter geweet dat dit nie altyd genoeg sal wees om net die Woord aan sy kerk te verkondig nie. Daarom het Hy ook die sakramente ingestel waarmee Hy ander sintuie van die gemeente inspan om hulle van die beloftes van die evangelie te verseker. Deur die sakramente wys die Heilige Gees sigbaar die werk wat Hy met die Woord inwendig binne in die ge-lowiges verrig. So versterk die Heilige Gees die geloof van die kerk van Christus nog meer.

En verder as deel van die onderhoud van die gemeente gebruik die Heilige Gees die Woord ook as die skerp tweesnydende swaard om die kwaad wat nog in die harte van gelowiges verskuil is uit te sny. Die Heilige Gees lei die gemeente sodat elke gelowige selftug kan toepas. Maar soms gebeur dit dat 'n gelowige se eie sondige geaardheid hom so verblind vir sy eie sondes dat hy nie kan sien en hoor as die Heilige Gees hom waarsku om met die sonde te breek nie. Christus laat so 'n gelowige nie alleen nie. Die prys wat Christus vir sy kerk betaal het is gans te hoog. Daarom gebruik die Heilige Gees ander lidmate in die gemeente om hierdie verblinde kind van God ernstig te vermaan om hom van sy sonde te bekeer. In sy onderhoud van sy kerk sien die Seun van God toe dat sy kerk getrou bly aan wat Hy van die kerk gemaak het – 'n gemeenskap waar die Woord suiwer gehoor word, die sakramente gebruik word waarvoor Hy dit ingestel het en dat die gemeenskap 'n heilige gemeenskap bly deur die toepassing van die Christelike tug.

Geliefdes, wanneer Christus sy kerk vergader, beskerm en onderhou, betrek Hy juis sy kerk wat Hy deur sy Gees en Woord lei om Hom te volg. Christus is die Leidsman na die lewe. Wie deel gekry het aan die lewe wat Hy bring, volg Hom omdat die Gees hulle gewillig maak om in Christus se voetspore te volg. En sover as die kerk Christus volg, is hulle die mond en hande en voete van Christus waarmee Hy voortgaan om sy kerk in hierdie wêreld deur sy Gees en Woord te vergader, te beskerm en te onderhou. Mag die Gees hierdie gemeente gewillig en bereid maak om bruikbaar in die hand van Christus wees.

Amen!

Slotgebed

Psalm 26:4, 5 (p. 122)

4 Ek was, aan U verpand, / in onskuld nou my hand;
ek sal, as ek my offer bring, / verskyn voor u altare,
en fees hou met die skare / wat vrolik van u wonders sing.

5 Vol blydschap is my siel / wanneer ek voor U kniel
wat woon waar aardse lig verdwyn. / Hoe lief het ek u woning,
die plek, o Hemelkoning, / waar U in heerlijkheid verskyn.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 September 2017